Geliefde Lourensrivierder

Ek ontvang onlangs hierdie blog van die skrywer, Susan Coetzer, van een van ons omgeegroep vreinde. Ek kan nie anders as om dit te deel nie. Lees groot asb. Dít wat sy skryf is lewensveranderend as jy dit kan bemeester!!!!

Sy skryf: "Ek het besluit om 'n bietjie te vas. NEE nie van kos nie - veels te honger en dan nie genoeg energie vir draf of optredes nie. Ek vas van WOORDE. Ek hou hulle in my gedagtes en bekyk hulle - het hulle NUT of is dit sommer net geluide - soos die geblaf van honde en karre wat jaag. Ons praat so maklik en so baie..... NONSENS. Tot 'n mens besef HOEVEEL krag daar in die gesproke woorde is.

Die Hele Skepping is met WOORDE geskep.
God het gesê: Laat daar LIG wees, met WOORDE.
En toe was daar was LIG.
Wat sê jy met JOU WOORDE?
Oor die land: Die land is in sy maai. Die land is korrup.
Bankrot. 'n Nare plek om in te woon met nare mense.
Oor mense: Jou vark? Jy is treurig. Jou dom onnosele &*%#. Jy maak my siek!
En oor jouself: Ek kan nie. Ek is moeg. Ek is siek. Ek is sat. Ek is af. Ek is depressief. Ek glo nie meer nie. Ek is vet. Ek is lelik. Ek is sonder talent. Ek is bang.... Ek is kragteloos. Hopeloos.
OPPAS wat jy sê. As die meeste woorde wat by jou mond uitkom, negatief en onopbouend is, het dit 'n negatiewe effek. Op jou en almal wat jou aanhoor.
Is dit tyd dat jy VAS saam met my.
Geen mens kan die tong self tem nie - jy moet saam met die Here klas loop om te leer SNOEI aan die onkruide in jou woordeskat - om meer en meer woorde van LEWE te spreek in plaas van dood. Oor die land, oor die mense wat jou irriteer, oor jouself -as jy papgeslaan voel.
LIG jouself en ander met jou woorde.
Woorde is nie net lettertjies nie. Dis gelaai met KRAG. Krag om op te bou en krag om te vernietig.
Daarom is 'n goeie vas baie gesond. Vas so 'n bietjie van onnodige
woorde: Vra die Here om jou te wys waar jy woorde tot jouself en ander se leed inspan.
Skinder jy maklik? Is jy lief om slegte nuus aan te dra. Onmin tussen mense te saai? Kla jy gereeld - sommer as 'n gewoonte. Vloek jy of seën jy?
Kom ons vas so 'n bietjie vanaand - deurdink ons baie woorde in God se Stilte. Rol hulle in jou kieste rond. Proe hulle in jou gedagtes. VOEL die uitwerking van die woorde wat jy wil sê - spreek dit van LIG of van donker.
Bekyk jou gedagtes. Dis die enjin wat jou woorde aanvuur. Die Woord se duidelik, dit wat in jou gedagtes (jou hart) omgaan bepaal jou hele toekoms. En ander s'n...
Sit vandag so 'n oomblik daai handrem op al die nonsens praat. Al die twak. Al die leuens. Die woede. Die geskinder. Die suur woorde. Die snydende woorde. Die wrede woorde. Die woorde wat jou (en ander) afbreek en beperk.
Kom ons krul die tonge terug soos biltong en sit 'n slot om die punt.
Druk die oer krokodilbrein TERUG in sy kas. DINK en besin voor ons praat.
Vra jouself: Is dit opbouend om die woorde te gebruik? Is dit goed. Is dit nodig? Want woorde is almal vuurhoutjies -- dit kan groot vure aansteek. 'n Vuur van lewe of 'n vuur van dood. En dis moeilik om daai vure dood te slaan. Veral die vuur wat skroei. Nie eers die brandweer se hose pipe is lank genoeg nie.

Nouja ek groet - ek moet gou my slot om my bil-tong gaan sit.

LIEFDE en min woorde stuur ek aan jou."

**NUUSKRUMMELS: 7 Februarie 2019**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**

**SONDAG, 17 FEBRUARIE IS DS LEOPOLD SE AFSKEIDSPREEK**
**Nagmaal sal bedien word**

**WÊRELDBIDDAG**

Ons wil die datum so vroeg as moontlik deel sodat alle ouers en skole bewus is daarvan. Met dit gesê, vra ons dat jy ons sal help bemark en die woord versprei sover as wat jy kan.

**Droom. Glo. Doen.**

**LOUIS BRITZ VERDUIDELIK waaroor hierdie kamp gaan: KLIK OP SKAKEL:** https://www.youtube.com/watch?v=qNtv_FVM4Q0

Dis 'n beweging van jong gelowige dromers en doeners wat God se roeping wil uitleef. Dis 'n vennootskap van jeugleraars, jeugwerkers, bedieningsnet-werke, instansies en maatskappye wat met die Kerk-familie hande vat om toe te sien dat die Kerk van môre haar roeping vandag vasgryp.

Dis hulpmiddele met spesifieke temas wat beskikbaar gestel word om tieners in gemeenteverband op hulle dissipelskappad te begelei en om hulle geestelike leiers se taak te vergemaklik.

Dis 'n plan om Suid Afrika radikaal te verander deur die leiers van die toekoms op die regte geestelike pad te plaas.

Meer hieroor: SKAKEL NA #IMAGINE FACEBOOK BLAD: https://www.facebook.com/imaginemove/

## NUUSBROKKIES UIT DIE OMGEWING

**AMOS KAAP MARKTE IN 2019 TEN BATE VAN PLAASBEARBEIDING IN KAAP**
**Markdatums vir 2019 in Strand volg:**

02 Maart - Wellington koördineer
06 April - Villiersdorp/Worcester koördineer
04 Mei - Amos Studente koördineer
01 Junie - Citrusdal koördineer

Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

By voorbaat dank
Ds. JB Wessels: Amos Kaap Bediening, Hoof- koördineerder

**VERSOEK:**
Huis in te deel vir verkieslik middeljarige dame in die Strand omgewing.
Skakel Braam @ 082 305 5511

## KNIEWERK

- Johan Strydom – kanker
- Bid asb. vir permanente oplossings vir die hawelose probleem wat al hoe groter raak
- Bid asb. vir liefdadigheidsorganisasies asook instansies wat by haweloses en mense in nood betrokke is.

**FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG,**
**10 FEBRUARIE SE BOODSKAP: LUKAS 5:1-11 (5DE WEEK NA EPIFANIE – PETRIE)**

Wanneer ons nadink oor die boodskap van ons teks, val die volgende patroon op: daar was 'n ontwrigtende, teleurstellende nag van geen visvangs nie. Hierdie leë nag berei Petrus en die ander voor vir die wonder van die volgende dag. Ons moenie die leë tye onderskat nie.

**Tweedens** word ons bewus van die effek wat God se werk op ons het, spesifek waneer God herkenbaar in 'n wesenlike moment in ons bewussyn verskyn. Dink aan Petrus se reaksie: hy is soos een wat op 'n Godsverskyning reageer. Soos in Jesaja 6 word Petrus bewus van sy eie gebrokenheid in die lig van die verskyning van Jesus as Een wat gesag oor die natuur het.

Hierdie gebrokenheid gaan heel waarskynlik nie net oor 'n algemene sondigheid nie, maar oor sy onwilligheid dat hy nie vroeër op Jesus reageer het nie. Wanneer ons bewus word van God word ons sondigheid en 'n behoefte om ons sonde te hanteer skielik 'n prioriteit. Dit is deel van Petrus se beweging om 'n volledig toegewyde dissipel van Jesus te word. Sy stadige skuif na dissipelskap is die stap in die regte rigting. Hy buig onder die gesag van Christus se woord. Geloof kom nie deur die verstandelike instemming met die prediking van Jesus nie, maar deur vertroue in Jesus se opdrag om nog 'n slag te probeer, ongeag wat die menslike rede sê.

Op hierdie manier sien Petrus wie Jesus werklik is, maar ontdek homself ook as sondaar. Christus se gesagvolle "verskyning" in sy mislukte visvangs en die buitengewone vervolging oortuig hom dat hy hier met iets meer as 'n goeie leermeester te doen het. Voor hierdie persoon kan hy net buig.

**Derdens** word ons bewus van die troos en opdrag van Christus in hierdie situasie. Die verwondering van Petrus, Jakobus en Johannes word begroet met 'n versekering dat hulle nie bang hoef te wees nie. Sorg se gedagte dat Jesus sondaars in sy diens neem is vertroostend en motiverend. Wat met hulle gebeur het, hou groot belofte in. Van nou af sal hierdie visvang 'n metafoor vir hulle lewe word. Soos in Jesaja 6, word die sondige mens 'n werktuig in God se hande.

Retief Burger sing "Hier is ek": https://www.youtube.com/watch?v=xTix4kS40JE (kliek op skakel)

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE